www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
International General Certificate of Secondary Education

CANDIDATE NAME

CENTRE NUMBER | CANDIDATE NUMBER

*2338844390*

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2009**

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.

No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.
DO **NOT** WRITE ON ANY BARCODES.

Answer **all** questions.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ’n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of vloeibare uitwisser gebruik nie.
**MOENIE** OP ENIGE STREPIESKODES SKRYF NIE.

Beantwoord **alle** vrae.

Maak aan die einde van die eksamen seker dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ’n vraag gegee.

| For Examiner’s Use | |
|---|---|
| **Oef. 1** | |
| **Oef. 2** | |
| **Oef. 3** | |
| **Oef. 4** | |
| **Oef. 5** | |
| **Oef. 6** | |
| **Oef. 7** | |
| **Total** | |

This document consists of **14** printed pages and **2** blank pages.


© UCLES 2009
UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE International Examinations

**[Turn over**

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 1**

Lees die volgende inligting oor die nuwe sewe wonders van die wêreld wat deur meer as 100 mense wêreldwyd gekies is. Beantwoord daarna die vrae op die volgende bladsy.

**'Nuwe' wonders is gebou om te hou**

- Die Groot Muur van China is op 6 400 km die grootste mensgemaakte struktuur wat ooit gebou is. Konstruksie het tussen 220 v.C. en 5 v.C. plaasgevind.
- Petra in Jordanië is tweeduisend jaar gelede in die woestyn gebou. Die stad bestaan uit ornamentele pilare, grafte, teaters en beeldhouwerke wat uit die pienkrooi rots gekerf is.
- Die Christus-beeld in Rio de Janeiro, Brasilië, is 38 meter lank en weeg meer as 700 ton. Dit het 'n asemrowende uitsig oor die stad. Die standbeeld is in 1931 opgerig en deur die Frans-Poolse beeldhouer Paul Landowski geskep.
- Machu Pichu in Peru is in die middel van die 15de eeu tydens die toppunt van die Inkas se beskawing gebou. Minder as 'n 100 jaar later het hulle dié stad verlaat toe die Spanjaarde Peru binnegeval het.
- Chichen Itza in Mexiko is deur die Maja-beskawing gebou. Die hoofaantrekking by dié ruïnes is die Tempel van Kukulcan. Dit is 'n trappiramide waar daar op die dag-en-nag-ewening in die lente en herfs 'n skaduwee van 'n geveerde slang, die Maja-god Kukulcan, oor die noordelike stel trappe val.
- Die Colosseum is in Rome in Italië geleë en kon tydens die hoogtepunt van die Romeinse beskawing meer as 50 000 toeskouers hanteer. Dit is gebruik vir kompetisies en geleenthede wat dikwels baie wreed en bloeddorstig was.
- Die Taj Mahal in Indië is deur die keiser Shah Jahan as 'n graf vir sy gunstelingvrou laat bou. Jahan was blykbaar só beïndruk met die eindresultaat dat hy beveel het dat die argitek se regterduim afgekap word sodat hy nooit weer iets so mooi kon ontwerp nie.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



1 Hoe verskil die Groot Muur van China van ander bouwerke?

.................................................................................................................................... [1]

2 Uit watter materiaal is Petra gebou?

.................................................................................................................................... [1]

3 Watter **twee** van die sewe wonders het iets te doen met godsdiens?

.................................................................................................................................... [1]

.................................................................................................................................... [1]

4 Wat het versoorsaak dat die Inkas uit Machu Pichu vertrek het?

.................................................................................................................................... [1]

5 Hoeveel keer per jaar kan ’n mens die skaduwee van die geveerde slang by die Tempel van Kukulcan sien?

.................................................................................................................................... [1]

6 Wie het een van die wonders in die twintigste eeu ontwerp?

.................................................................................................................................... [1]

7 Hoe weet ’n mens dat Shah Jahan meer as een vrou gehad het?

.................................................................................................................................... [1]

[Totaal : 8]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 2**

Lees die volgende teks en voer die opdrag uit.

Die Onderwysdepartement wil inligting insamel oor hoe gereeld leerders in graad 8 tot 12 televisie kyk.

Johan Jacobs is in graad 11 aan die Hoërskool Punt. Hy het pas sestien geword en is op 15 September 1993 gebore. Hy bly in Markstraat 33, Arcadia, 5201, en sy selfoonnommer is 076 067 0553 en sy e-posadres is johanjacobs@mweb.co.za. Johan se skool se adres is Skoolstraat 1, Arcadia, 5201, die telefoonnommer is 043 553 7688. Die skool se e-posadres is hspunt@schools.org.za.

In die somer speel Johan drie middae ’n week tennis en in die winter speel hy twee middae ’n week en Saterdagoggende sokker. Hierdie jaar gee hy twee middae ’n week van halfvier tot halfses rekenaarklasse by ’n kinderhuis. Gedurende die week is hy selde voor sesuur by die huis.

In sy vrye tyd bring Johan graag tyd voor sy rekenaar deur. Sy gesin se breëbandaansluiting maak dit moontlik dat hy nie bekommerd oor tyd op die internet hoef te wees nie.

Johan kyk nie baie televisie nie en is selektief wanneer hy wel kyk. Daar is Dinsdagaande ’n interessante natuurprogram op TV waarna hy graag kyk en hy geniet dit om Saterdagmiddae sport te kyk. Elke Donderdagaand werk hy en sy goeie vriend Don saam aan hul rekenaarprojekte.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

Verbeel jou jy is Johan en vul die vorm op hierdie bladsy in:

Departement van Kuns en Kultuur

Opname

**Afdeling A**

Naam: *Johan Jacobs*

Geboortedatum: ....................................................................................................

Naam van skool: *Hoërskool Punt* Graad: ......................

Skool se besonderhede:

- Posadres: ....................................................................................................
- Telefoonnommer: *043 553 7688*
- E-posadres: ....................................................................................................

**Afdeling B**

Maak 'n regmerkie by die gepaste opsie(s):

- Ek kyk TV:

  1 tot 2 dae 'n week ☐ 5 tot 6 dae 'n week ☐

  3 tot 4 dae 'n week ☐ 7 dae 'n week ☐

- Weeksdae kyk ek TV: Soggens ☐ Smiddae ☐ Saans ☐
- Naweke kyk ek TV: Soggens ☐ Smiddae ☐ Saans ☐
- Ek verkies die volgende soort TV-programme:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Sepies | ☐ | Wetenskapsfiksie | ☐ | Geskiedenis | ☐ |
| Sport | ☐ | Rekenaar | ☐ | Musiek | ☐ |
| Films | ☐ | Wetenskap | ☐ | Kookkuns | ☐ |
| Nuus | ☐ | Natuur | ☐ | Reis | ☐ |

[Totaal : 9]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 3**

Lees hierdie artikel oor uile en voltooi dan die aantekeninge op die volgende bladsy.

## Uile – jagters van die nag

Uile kom oral ter wêreld voor, behalwe in die Antarktiese gebied. Daar is twee families uile: tipiese uile (meer as 120 spesies) behoort tot die familie Strigidae en die res (omtrent twaalf spesies) tot die familie Tytonidae. Daar is verskille tussen die twee families, maar ook baie ooreenkomste. Die uile van die familie Tytonidae verskil van die tipiese uile deurdat hulle hartvormige eerder as ronde gesigte het. Hulle het ook langer pote en kleiner oë, wat donker is en nooit geel soos dié van die meeste tipiese uile nie.

Uile is beslis die bekendste nagvoëls. Die vrees dat ’n uil op jou huis se dak kom sit, is tradisioneel onder sekere bevolkingsgroepe. Party mense glo mos die uil is die nare boodskapper van ’n sterfte. Die uil is egter ’n wonderlike voël wat uitstekend aangepas is vir die donkerte.

Uile hoor en sien uitstekend. Die skedels van baie uile is asimmetries – die ooropeninge sit op verskillende hoogtes. Dit stel die voël in staat om presies te bepaal waar die geluide vandaan kom wat ’n prooidier maak. ’n Uil se nek is baie beweeglik en kan tot 270 grade draai en die opvallendste ding omtrent hulle is daardie groot oë wat vorentoe wys, net soos ons mense s’n. Die grootte en vorm stel hulle in staat om die maan- en sterrelig van die nag die heel beste te gebruik. Hulle het ooglede, en hul knipvliese (deurskynende velplooie wat oor die oog getrek kan word om ’n derde ooglid te vorm) is baie belangrik om die oë te beskerm. Die uil se goed ontwikkelde rigtingsin en gehoor werk saam wanneer hy sy prooi vang. As hy iets hoor wat soos ’n prooi klink, draai hy sy kop in daardie rigting. Dan kos dit nog net een geritsel of ’n gepiep en … die prooi is so goed as dood.

As hulle vlieg, doen hulle dit geruisloos. Die vlerke is groot in verhouding tot die res van hul liggaam en hul vere is sag. Dis dié dat die voëls so geruisloos sonder ’n vlerkgeklap deur die naglug kan beweeg en kan luister waar daar prooidiere is sonder om hul eie teenwoordigheid te verraai. Terwyl die uil afdaal, swaai hy sy pote vorentoe, en dan gryp sy kloue die prooi. Soos ander voëls het hy drie tone voor en een agter aan elke klou. Dis vir hom belangrik om stewig te kan vasgryp, ook omdat hy sy oë wil beskerm en hy hulle gewoonlik toemaak wanneer ’n prooidier onder hom spartel. ’n Uil se kloue is skerp en ferm. Wanneer hy vreet, trap hy op die prooidier en skeur stukke vleis met sy skerp snawel af.

Uile vreet slegs lewende diere – van insekte tot slange, en soogdiere soos molle en muise tot selfs so groot soos hase. Hulle dra hul prooi weg om dit op te vreet nadat hulle dit gevang het en sluk gewoonlik hul prooi heel in. Onverteerbare dele van hul kos, soos bene, hare en vere, word saamgepers en as klein kompakte bolletjies opgebring.

As ’n uil gesteur word, trek hy sy groot oë op skrefies. Die lyf kom regop, die vere word ingetrek en die veerkuifies op die kop staan orent. Met hierdie houding en die natuurlike kamoeflering van sy vere is die uil goed weggesteek tussen blare, rotse en skadu’s.

Maar wag as die nag kom, boeta, dan is die uil in sy element. Dan gaan dit hoe-hoe later, hoe-hoe kwater...

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



Jy gaan 'n kort praatjie oor uile in die klas lewer. Maak **drie** kort aantekeninge onder elke
waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**(a)** Verskille tussen die twee uilfamilies:

- *Tytonidae-uile het hartvormige gesigte, tipiese uile het ronde gesigte*
- ........................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................ [1]

**(b)** Uile se aanpassings vir die donker:

- ........................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................ [1]

**(c)** Uile se eetgewoontes:

- ........................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................ [1]
- ........................................................................................................ [1]

[Totaal : 8]

www.xtrapapers.com



www.PapaCambridge.com

**Oefening 4**

Gebruik die teks oor uile en skryf 'n opsomming oor die **uil as jagter**. Jy kan sommige van jo aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

Jou opsomming moet een paragraaf lank wees en nie meer as **80** woorde nie.

Gebruik sover moontlik jou eie woorde.

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

..........................................................................................................................................

[Totaal : 5]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com


BLANK PAGE

BLAAI OM VIR OEFENING 5

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 5**

Een van jou goeie maats het kaartjies vir ’n baie spesiale musiekkonsert, opvoering of sportwe in die hande gekry en nooi jou uit om saam te gaan. Jy wil vreeslik graag gaan, maar jou ouers reeds ander reëlings vir daardie aand getref. Jy is vasberade om jou ouers te oorreed om jou saa met jou maat te laat gaan.

Skryf die gesprek tussen jou en jou ma of pa in dialoogvorm.

Noem die volgende:

- Waarheen jy wil gaan
- Waarom jy so graag daarheen wil gaan
- Waarom jy dink jou ouers moet jou toelaat om eerder hierheen as na die ander geleentheid te gaan

Jou dialoog moet omtrent **150** tot **200** woorde lank wees.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou dialoog en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

..........................................................................................................................................................

[Totaal : 15]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 6**

Die volgende berig handel oor San-tekeninge in Botswana. Lees die teks aandagtig en bea[ntwoord] dan die vrae op die volgende bladsy.

## San-tekeninge in Tsodilo-heuwels

Die Tsodilo-heuwels lê diep weggesteek in Wes-Botswana en is uniek met 4 000 rotstekeninge wat daar voorkom. *Tsodilo* beteken "klam aarde". Navorsers van oor die hele wêreld werk in hierdie Kulturele Wêrelderfenisgebied en doen navorsing oor die oeroue geskiedenis van die vroeë mense wat hier gewoon het. Om hierdie rede is dit is ook een van Afrika se belangrikste rotskunsgebiede. Die rotstekeninge beeld 'n lewendige en aktiewe interaksie van die vroeë bewoners met die natuur uit.

Argeologiese bevindings dui daarop dat van die vroegste bewoners uit die Laat Middelsteentyd dateer. Werktuie van hout, been, klip, potskerwe, eenvoudige juweliersware en krale wat gevind is, toon 'n aktiewe handel onder die mense van die Laat Steentyd. Die vroeë mense het 'n ryk spirituele en kulturele lewenswyse gehad. Wilde diere en natuurverskynsels het 'n belangrike rol in hul daaglikse lewe gespeel.

Wes van Tsodilo was daar mere en riviere waar die mense met beenharpoene visgevang het. Vis was 'n belangrike deel van hul dieet. Wanneer jy vandag die gebied besoek, kan jy dit skaars glo dat daar so baie binnelandse waters was. Deur die eeue was daar verskillende groepe mense wat daar gewoon het. Die !Kung en !Hambukushu is die belangrikste hiervan. Hierdie twee San-groepe word vandag nog in die skadu's van die Tsodilo-heuwels aangetref. Vir hulle is dit 'n heilige plek. Hulle glo dat die gode hul voorouers vanuit die hemel daar neergelaat het en dat die heuwels aan hulle veiligheid en beskerming gegee het. Daar was genoeg kos en water in die omgewing sodat die vroeë mense hulle daar kon vestig.

Dit was veral die spirituele aantrekkingskrag van rotswande en oorhange wat hulle daar laat bly het. Baie van die tekeninge daar lyk soos gravures, maar is met mensvingers geverf. 'n Duitse ontdekkingsreisiger, Siegfried Passarge, het in 1858 talle sketse van die rotstekeninge gemaak. Dit toon dat die tekeninge sedertdien nie verweer het nie.

Afgesien van die kulturele nalatenskap is die natuurprag van die hele omgewing opvallend. Die ryk voëllewe, wild, plantegroei en uitsigte dwing 'n mens tot stilte. Kleurryke rotswande is treffend. Soos die son skuif, wissel die kleure teen die rots deur die dag van sagte pienk en ligte groen tot kopergeel teen sononder.

'n Goeie teerpad loop al langs die westelike oewer van die Okavangorivier en dan is daar 'n grondpad na Tsodilo. 'n Slingerpad loop sowat 40 kilometer deur 'n plat gebied en dan is daar skielik drie heuwels in die verte, 'n welkome gesig in die byna eentonige landskap. Die heuwels staan bekend as Man, Vrou en Kind. Van die hoogste pieke in Botswana kom hier voor. Daar is verskillende staproetes, maar van die mooiste en duidelikste tekeninge kom langs die Renosterroete van 10 km voor. Sierlike tekeninge van wilde diere, mensfigure en geometriese vorme pryk teen groot, hoë rotspanele. Die natuurlike eenvoud daarvan tref 'n mens as buitengewoon.

Ja, in die Tsodilo-heuwels se boomryke klowe is dit werklik asof 'n mens deur 'n grot of antieke opelugtempel stap. Die daaglikse lewe van hierdie primitiewe mense word lewend en jy hoor hul stemme en bedrywigheid tussen die rotse en oorhange en sien beelde van dansende San-mense by hul vure in die voorjare.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**1** Waarom is die rotskuns in die Tsodilo-heuwels so belangrik vir navorsers?

.................................................................................................................................... [1]

**2** Noem **twee** dinge wat navorsers oor die lewe van die vroeë mense uitgevind het.

.................................................................................................................................... [1]

.................................................................................................................................... [1]

**3** Gee die betekenis van die naam Tsolido en verduidelik hoe dit pas by hoe die omgewing eers was.

.................................................................................................................................... [1]

.................................................................................................................................... [1]

**4** Verduidelik waarom die San-groepe die Tsolido-heuwels as ’n heilige **én** nuttige plek beskou.

....................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [2]

**5** Hoe is die rotstekeninge in die Tsodilo-heuwels gemaak?

.................................................................................................................................... [1]

**6** Watter bewys gee die skrywer dat die rotskuns nie beskadig is nie?

.................................................................................................................................... [1]

**7** Waarom sal die Tsodilo-heuwels ’n interessante vakansiebestemming wees vir mense wat in meer as een aktiwiteit belangstel?

....................................................................................................................................

.................................................................................................................................... [1]

[Totaal : 10]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**Oefening 7**

Lees die volgende woorde van tieners:

- *My kuns is soos terapie vir my!*
- *Sokker hou my weg van dwelms en van bendes.*
- *As ek hard oefen om 'n goeie atleet te wees, het ek nie tyd vir nonsens in my lewe nie.*
- *Die mense in my jeuggroep is soos familie vir my … ek kan al my probleme met hulle bespreek.*

Skryf 'n berig vir die skoolkoerant oor waarom dit belangrik vir tieners is om betrokke by kulturele bedrywighede of sport te wees. Kies 'n goeie opskrif vir jou berig.

Jou berig moet ongeveer **200** tot **250** woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy jou menings goed verduidelik.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou berig en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik kry.

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com

[Totaal : 15]

www.xtrapapers.com
www.PapaCambridge.com



**BLANK PAGE**

*Copyright Acknowledgements:*

Question 1 © Carla Lewis; 7 Nuwe wonders is gebou om te hou; p.6; Die Burger; Media 24.
Questions 3 & 4 © Uile - voëls van die nag; Huisgenoot, Ons wonderlike wêreld CD; Media 24; 2004.
Question 6 © San-tekeninge in Tsodilo-heuwels; p.2; Die Burger, Bylae; Media 24; 11/9/07.

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of